

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 3

31 Januarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

KLEURE-ATLETIEK
Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die kleure-atletiek se groot sukses. Ek wil veral Mnr. Westraadt bedank wat aan die hoof gestaan het van die byeenkoms, vir al die reëlings wat hy getref het. Dit was vir my mooi om al die ouers te sien wat daar was om hul kinders te ondersteun. Dit was vir die kinders baie spesiaal.

NUUSBRIEWE
Ek is baie teleurgesteld in hoe ouers hul nuusbriewe, sportprogramme en sms-boodskappe lees! Ons doen werklik baie moeite om alle ouers ingelig te hou oor al die bedrywighede van die skool. Die hoeveelheid oproepe wat die sekretaresses per dag hanteer oor inligting wat in die nuusbrief was, of wat aan ouers per sms gestuur is, is skrikwekkend. Ek wil u weer vriendelik versoek om die nuusbrief deeglik te bestudeer en om alle belangrike datums en inligting aan te teken.

OOV/KLASVERTEENWOORDIGERS 2020
Baie geluk aan die onderstaande ouers wat in die volgende ampte verkies is tydens die OOV/Klasverteenwoordiger vergadering gehou op Woensdag, 29 Januarie 2020.

Voorsitter: Mev. Sulene Camarinos
Onder-Voorsitter: Mev. Jeanette Scheepers
Sekretaresse: Mev. Veronica Smit

Alle ouers wat aangedui het om klasverteenwoordigers te wees, sal in die loop van volgende week ‘n briefie ontvang. Ons versoek u om die skeurstrokie te voltooi en so gou moontlik vir ons terug te stuur. Die volgende OOV-klasverteenwoordiger vergadering sal op Woensdag, 5 Februarie om 17:30, plaasvind.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND, VRYDAG 31 JANUARIE
Vanaand “slaan”ons af met die eerste ouer-en-kind-tennisaand van 2020 wat om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was verlede jaar baie goed ondersteun en ons sien uit daarna om hierdie kwartaal weer ‘n hele rits splinternuwe paartjies op die “baan” te verwelkom.

FOTO'S: WOENSDAG, 12 FEBRUARIE 2020
Enkel- en klasfoto's word op bogenoemde datum geneem.

Die leerlinge moet boeke soos vir 'n gewone skooldag bring. Ons wil u versoek om ons te help sodat u kind korrek vir die dag geklee is. Slegs leerlinge wie korrek geklee is, sal afgeneem word. Ons vertrou u sal meehelp om 'n teleurstelling te voorkom.
Graad R: volledige somerspeeluniform met wit tekkies (geen ander skoeisel nie, asb.).
Graad 1 – 7: seuns en dogters moet hul volledige somersdrag aanhê. **(Baadjie asb.)**

Die korrespondesie van die foto's is reeds op Donderdag, 30 Januarie 2020 aan elke kind gegee.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp wat dringend benodig word. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

KOSSAKKIES
Die klerewinkel het bevestig dat daar 25 kossakkies ontvang is en die koste beloop R155 elk. Ons sal weer kommunikeer wanneer die res van die bestelling ontvang is.

SKOOLKOMMUNIKEERDER
Ons herinner u dat hierdie elektroniese program **ons hoof medium van kommunikasie met u is**.

Hierdie program verskyn elke oggend op u skerm en u kan dan sien watter boodskappe uitgestuur is en ook wat op die kalender gaan plaasvind. Die program sal ook gebruik word om dringende boodskappe aan u te stuur. In so 'n geval verskyn daar onmiddellik 'n kennisgewing op u skerm. Die program kan bestuur word sodat u slegs inligting ontvang wat op u van toepassing is.

HOE OM U "SCHOOL COMMUNICATOR" TE INSTALLEER:
Laai die School Communicator af in 7 eenvoudige stappe:
STAP I
Gaan na **www.school-communicator.com/downloads** en kies die skool waarby u betrokke is.
STAP 2
Kies u bedryfstelsel. (Mac of Windows)
STAP 3
Kies die "Save" opsie om die lêer op u rekenaar te stoor.
STAP 4
Sodra die lêer klaar afgelaai het, klik "Run" in die opwipkieslys
OF
Klik twee keer op die skoolwapen om die program te aktiveer.
STAP 5
Sodra u dit gedoen het, sal die "Setup wizard" op u rekenaarskerm verskyn. Klik op "Next".
STAP 6
Bevestig dat u die bepalings en voorwaardes aanvaar deur die klein boksie te selekteer en klik weer op "Next".
STAP 7
Om die installasieproses te voltooi, klik op "Finish".
Die "School Communicator" sal nou verskyn.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2020
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 – 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R14 700	R 1 470	R 1 337
Tweede kind	R13 400	R 1 340	R 1 219
Derde kind	R 9 300	R 930	R 846
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
Graad R (Maandeliks vooruit)	R14 700	R 1 470	R 1 337
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM: – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAALBAAR			

	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	***MUSIEK: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR***	
13:00/13:30 – 14:00	R 4 860	R 1 215	***PERIODE(S) P/W***	***PER MAAND (10 MNDE)***
14:00 – 17:30	R 7 160	R 1 790	*1*	*R 190*
13:00/13:30 – 17:30	R 8 360	R 2 090	*2*	*R 295*
			3	*R 430*

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 29 Februarie 2020 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2020 ‘n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 29 Februarie 2020**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorm móét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

Geen vrystellings wat in 2019 toegestaan is, word na 2020 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam en verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTES VIR DIE WEEK:
DRIE PRAKTIESE WENKE OM JOU KIND TE BEMOEDIG:

WENK 1: Kies om doelbewus positief van jou kinders te praat:
- *“If you want your children to improve, let them overhear the nice things you say about them to others” (Haim Ginott).*
- *There are two lasting bequests we can give our children. One is roots. The other is wings” (Hodding Carter, Jr.)*

WENK 2: Maak seker dat jou kind weet dat jy hom of haar liefhet:
- *“Your children need your presence more than your presents” (Jesse Jackson)*
- *“What a child doesn’t receive he can seldom give” (P.D. James)*

WENK 3: Moenie van die pret in die huis vergeet nie:
- *“Sing out loud in the car even, or especially, if it embarrasses your children” (Maillyn Penlanf).*

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 3 Februarie :
Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
Media/Biblioteek open
Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**
Kuns graad 3: **14:00-15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**

Di – 4 Februarie :
Kindermusiek graad R: **13:00 – 13:30**
Krieket: 0/9 A+B teen Herbert Hurd **(t)**
Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**
Kuns graad 3: **14:00-15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**
Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15**
Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**

Wo – 5 Februarie :
Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
Krieket: 0/13A teen Frans Conradie **(t)**

Do – 6 Februarie :
Krieket: 0/11A teen Frans Conradie **(t)**

Vr – 7 Februarie :
Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
Dance Kids ballet graad R: **9:45**
Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**
Graad R familiebraai : **18:00**

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
30 Januarie	0/11A	Muir College	Muir wen die loot en boul eerste. LNP slaan 95 lopies vir tien paaltjies. Muir word uitgeboul vir 66 lopies. LNP wen met 29 lopies. Beste kolwer: Reinhardt de Goede met 38 lopies Beste bouler: Jano Jansen van Vuuren met 4 paaltjies vir 9 lopies.
30 Januarie	0/13A	Muir College	Muir kolf eerste en teken 142 lopies aan. LNP word uitgeboul vir 59 lopies in die 14de boulbeurt. LNP verloor dus met 83 lopies

OOS-KAAP JUNIOR KINDERKOOR
Alexis Venter in graad 4M is gekies vir die Ooskaap-junior-kinderkoor. Baie geluk!